Soos 'n ware Alexis laat sy arme Errol bontstaan

Deur MARGUERITE ROBINSON, TV-beriggewer

JOAN COLLINS die mens in 'n sosiale omgewing is wonderlik, maar Joan die professionele vrou is die ene Alexis van *Dynasty*.

En die ontwerper Errol Arendz behoort te weet waarvan hy praat. Want op sosiale vlak het hulle met haar eerste besoek so lekker saam gekuier dat hy haar 'n ontwerpersgeskenk belowe het. Dié het sy inderdaad gekry. Maar toe kom die Mej. Wêreld-skouspel en haar verskyning vandeesweek op *Egoli*, M-Net se televervolgverhaal, en skielik moes Errol behoorlik bontstaan om alles te ontwerp en betyds gereed te kry.

Want as Joan Collins klere aanpas, staan sy nie ewe liefies stil dat verstellings gemaak kan word nie. Dis woerts-warts en dan is sy al klaar in die volgende skepping. Die meet en pas moes hy blitsvinnig doen.

"As 'n professionele mens verduur Joan geen nonsens nie en het sy nie tyd vir sukkelaars nie. En jy kan nie bekostig om beskeie te wees in haar geselskap nie. Psigologies moet 'n mens 'n prima donna word as jy saam met haar werk.

"Ek sal nie sê om vir haar klere te ontwerp vir *Egoli* was een van die moeilikste opdragte wat ek nog gehad het nie, maar dit was wel een van die veeleisendstes. Ek het net twee ure gehad waarin sy die skeppings kon pas, en sy het warm gekry en was geïrriteerd. Ek moes behoorlik op my tone wees."

Wat Joan se bou betref, dink Errol sy het 'n pragtige lyf. "Sy is besonder klein met 'n baie dun middeltjie. Maar sy het 'n redelik groot borsmaat. Interessant genoeg hou sy nie daarvan om haar borste ten toon te stel of te beklemtoon nie. Maar met 'n kop en 'n aura soos hare het sy in elk geval nie nodig om daarmee te koop te loop nie."

'n Ander voorreg wat Errol gehad het, is om Joan se klerekas onder oë te hê. "Ek was baie geïmponeer daardeur. En boonop wys haar klerekas dat sy heeltemal op die hoogte is van nuwe neigings in die modewêreld."

Wat die toekoms betref, glo Errol hy sal haar weer sien. "Sy hou regtig van die klere wat ek ontwerp. Boonop het sy my genooi om by haar te kom kuier in Frankryk."

● Joan is te sien in die rol van Catherine Sinclair in *Egoli – Plek van goud* op M-Net in die episodes wat môre, Woensdag en Vrydag uitgesaai word.



Ons wys Joan se skeppings in 'Egoli'